

# 8

## ONS HARTE KLOP WARM

# Hulp aan almal in nood

### **PRAKTYKLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat daar altyd en oral mense in nood is wat gehelp moet word.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet –

- gelowiges is deel van die Here se liggaam om diens te lewer.
- daar is baie geleenthede waar gelowiges ander kan help.

##### **Gesindheid**

- Kinders van God moet bereid wees om uit dankbaarheid mense in nood te help.

##### **Vaardigheid**

- Die kinders moet siekes, behoeftiges, gevangenes en vreemdelinge kan versorg.

#### **MEER INLIGTING (Matteus 25: 31-46)**

Voor die Here Jesus gevang en gekruisig is, het Hy onder andere baie ernstig met die mense gepraat oor hoe hulle hulle lewens gereed moet kry vir sy wederkoms na die wêreld. Die sentrale tema daarvan was liefde. Soos Hy ons liefhet en sy liggaam vir ons kom gee, moet ons ook in liefde na mekaar uitreik. In liefde moet ons aanhoudend na mekaar en na ander omsien. Ons is deel van Jesus se liggaam, dit is die gemeente. As gemeente, as liggaam, moet elke ledemaat (lidmaat) besig bly met die dinge van die liefde.

Iemand wat in Jesus glo, kry toegang tot sy koninkryk. So iemand volg in Jesus se voetspore en sorg vir mense in nood. Om dit te verduidelik, vertel Hy hoe dit sal wees by sy wederkoms. Al die mense van die wêreld sal bymekaar gebring word. Dan sal die skape, dié wat gered word, van dié wat nie gered word nie, die bokke, geskei word.

Die skape, dié wat gered word, is diegene wat hulle redding van God verwag. Dié wat alles van Hom verwag en besef het dat hulle alles van Hom gekry het, voorsien uit dankbaarheid in die nood en behoeftes van ander. Hulle voed dié wat honger en dors is. Hulle laat vreemdelinge tuis voel en gee vir hulle blyplek. Diegene wat nie klere het nie, voorsien hulle van klere, hulle verpleeg die siekes en besoek die gevangenes.

Waar ons ook al leef, moet ons aanhou om die voorbeeld van Jesus te volg. Geloof maak ons harte warm, ons hande besig en ons monde oop vir die saak van Jesus. In die gemeente moet ons mekaar letterlik opswep om in liefde goed te doen soos Jesus kom leer en wys het.

Ons moet ook altyd onthou ons is nie deel net van 'n gemeente of 'n kerk nie, maar ook van 'n groter gemeenskap. In hierdie groter gemeenskap leef ons saam met ander mense teenoor wie ons ook 'n verantwoordelikheid het. Die hele wêreld beleef nood, en ons moet dit raaksien en hulp verleen.

Ons help nie net in ons eie gemeente mense in nood nie. Ons help ook behoeftiges wat ons nie ken nie, mense wat in die moeilikheid beland het in ons gemeenskap. Ons gemeente maak deel uit van die hele Kerk, en ons Kerk sorg vir mense in ons hele land en regoor die hele wêreld.

Hoe doen ons dit? In die gemeente kom vertel die lidmate vir die kerkraad van almal wat moeilikheid het, en die kerkraad spoor hulle self ook op. Mense word gestuur om hulle moed in te praai, en geld word voorsien om hulle probleme op te los. In die dorp weet ons van ons ouetehuse en arm mense en straatkinders. Ons stuur mense om hulle te help en te versorg. Ons kommunikeer met kerkrade oor die hele land en vind uit van kinders, oumense en arm mense in nood. Vir almal stuur ons hulpmiddels soos geld, klere en Bybels.

Die Algemene Diakensvergadering, die Ondersteuningsraad, die Afrika Instituut vir Missiologie, die Christelike Seemansorganisasie, die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, die Monument-tehuse, die tehuse van Ons Tuis, kinderhuise, pleegsorghuise, To Care en die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys is instansies wat in ons Kerk help om die nood van mense op vele terreine te verlig.

As ons in ons eie omgewing alle hulp verleen het wat ons kan, gee ons ook ons dankoffer om al hierdie *hulparms* van ons Kerk te help om mense by te staan, nie net in ons eie land nie maar oor die hele wêreld. Ons moet Jesus se voorbeeld volg en sy waarskuwing ter harte neem. Ons is Jesus se hande in die wêreld. Onthou Jesus se woorde: *Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie* (Matteus 25: 45b).

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met gebed. Laat die kinders die mense opnoem van wie hulle weet wat in nood is. Bid vir hulle.

## HET HULLE ONTHOU?

Laat hulle die blokraaisel in hulle boeke invul om te kontroleer wat hulle van verlede week onthou.

|                   |   |   |                   |                   |   |   |   |                   |                   |
|-------------------|---|---|-------------------|-------------------|---|---|---|-------------------|-------------------|
| <sup>1</sup><br>E | E | R | <sup>1</sup><br>S | T                 | E |   |   |                   |                   |
|                   |   |   | E                 |                   |   |   |   |                   |                   |
|                   |   |   | U                 |                   |   |   |   | <sup>2</sup><br>M |                   |
|                   |   |   | <sup>4</sup><br>N | A                 | A | S | T | E                 |                   |
|                   |   |   |                   |                   |   |   |   | K                 |                   |
|                   |   |   |                   |                   |   |   |   | A                 |                   |
| <sup>2</sup><br>E | W | I | <sup>3</sup><br>G | E                 |   |   |   | A                 |                   |
|                   |   |   | E                 |                   |   |   |   | R                 |                   |
|                   |   |   | E                 | <sup>4</sup><br>D |   |   |   |                   |                   |
| <sup>3</sup><br>V | E | R | S                 | O                 | E | N | I | N                 | <sup>5</sup><br>G |
|                   |   |   |                   | E                 |   |   |   |                   | O                 |
|                   |   |   |                   | L                 |   |   |   |                   | D                 |

### Dwars

1. God het ons *eerste* liefgehad.
2. Ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want as ons God liefhet, sal ons die ewige lewe beërwe.
3. God het sy Seun as *versoening* aarde toe gestuur, en daarom moet ons mekaar ook liefhê (1 Johannes 4: 10).
4. As jy sê dat jy God liefhet, moet daardie liefde uitstraal na jou *naaste* toe.

### Af

1. God bewys sy liefde aan ons deurdat Hy sy *Seun* aarde toe gestuur het.
2. Ons moet *mekaar* ook liefhê.
3. God het ons ook sy Gees gegee, die Heilige Gees woon in mense as hulle God liefhet.
4. As ons ons naaste liefhet, het ons God ook lief en dan het God sy *doel* met ons bereik.
5. As ons mekaar nie liefhet nie, ken ons nie vir *God* nie.

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

Wanneer klop 'n mens se hart warm vir jou medemens? Dis wanneer jy vir iemand omgee en liefde aan hom of haar betoon. Voor Jesus gevang en gekruisig is, het Hy dit dikwels onder die aandag van mense gebring dat hulle mekaar moet liefhê en mekaar moet dien. Hoe kan ek en jy 'n ander persoon dien?

Gee die klas geleentheid om voorbeelde te noem: Jy kan hom iets gee om te eet of drink; gee aan hom huisvesting wanneer dit nodig is; gee vir mense klere waar dit 'n behoefte is; besoek mense in die hospitaal; besoek mense in die ouetehuis; besoek mense in die tronk of wanneer hulle eensaam is. Wanneer jy hierdie dinge doen, het jy ander lief en is jy gehoorsaam aan God.

**IETS INTERESSANT**

Maak 'n opsomming van die gegewens by MEER INLIGTING. Behandel dit met die kinders, en beklemtoon die hoofpunte.

**IETS BELANGRIK**


Lees Matteus 25: 34-40.

Jesus leer ons in dié gedeelte hoe om ander mense lief te hê. Nou vra Hy ons om dit te doen deur dit wat ons het met ander te deel.

Verder moet ons ook onthou dat ons gereeld kerk toe moet gaan om meer van God se liefde te leer. By die kerk ontdek ek hoe mense mekaar opreg liefhet en vir mekaar omgee. So kan ons Jesus se liefde met die wêreld deel.

**IETS OM TE DOEN**

Laat hulle die spiraal lees om te sien wat die Here vir ons hieroor sê, en laat hulle dit op die stippellyne in hulle boeke neerskryf. Dit is na aanleiding van Kolossense 3: 23.




*Wat julle ook al doen, doen dit asof julle dit vir die Here self doen en nie vir mense nie.*

Laat hulle Matteus 25: 31-46 lees en kyk wat hulle alles kan doen vir mense as 'n daad van liefde.

Laat hulle hulle warm brandende vuur inkleur en by die kole invul wat hulle alles kan doen vir mense as 'n daad van liefde. Laat hulle ander dinge waaraan hulle kan dink, byvoeg op die blanco kole.

KOLE: Kos gee, dors les, huisves, klere gee, verpleeg, besoek.



Help hulle om die volgende te voltooi:

As God weer aarde toe kom, sal Hy almal *bymekaar* laat kom en die *skape* van die *bokke* skei. Die *skape* sal dié wees wat deur God *geseën* is, en die *bokke* sal dié wees wat deur God *vervloek* is. Omdat ons aan die Here *behoort*, moet ons doen wat Hy van ons vra. As ons nie aan ander *liefde* bewys nie, kan ons ook nie sê dat ons God liefhet nie. Dié wat aan God behoort, sal sy *wil* doen. Streef daarna om altyd na jou *medemens* om te sien. Skep *geleentheid* om ander te help. Wees *dankbaar* omdat jy die geleentheid kry om jou medemens te help.

## BY DIE HUIS

Laat hulle die volgende tuis doen en leer.

### DOEN

- Hulle moet hulle ouers vra om saam met hulle hulle diaken te kontak en by hom of haar uit te vind wat hulle as gesin spesiaal kan bydra of help doen vir mense wat in nood verkeer. Laat hulle volgende week kom vertel wat gebeur het.
- Die kinders moet hulle maatjies vra om volgende Sondag saam kerk toe te kom.

### LEER

- As God weer aarde toe kom, sal Hy almal *bymekaar* laat kom en die *skape* van die *bokke* skei.

- Die skape sal dié wees wat deur God *geseën* is, en die bokke sal dié wees wat deur God *vervloek* is.
- Omdat ons aan die Here *behoort*, moet ons doen wat Hy van ons vra.
- As ons nie aan ander *liefde* bewys nie, kan ons ook nie sê dat ons God liefhet nie.
- Dié wat aan God behoort, sal sy *wil* doen.
- Streef daarna om altyd na jou *medemens* om te sien.
- Skep *geleentheid* om ander te help.
- Wees *dankbaar* omdat jy die geleentheid kry om jou medemens te help.

## **AFSLUITING**

Sluit af met gebed. Bid vir almal wat honger en dors is, wat nie klere het nie, siek is en wat in die tronk is.